

AGRI NW JAARKONGRES 2018 KONGRESBESLUITE

“VENNOOTSKAPPE VIR ‘N BETER TOEKOMS”

1. Agri NW bevestig ons ondersteuning en verbondenheid tot die beginsel van private eiendomsreg as die grondslag vir 'n welvarende vryemark ekonomie om SA se uitdagings die hoof te bied.
2. Agri NW beklemtoon en herhaal weereens ons algehele verwerping van onteiening sonder vergoeding buite die bepalinge van die huidige grondwetlike raamwerk en onderliggende wetgewing.
3. Agri NW erken die ondermynende gevaar wat 'n verdeel en heers situasie meebring en onderskryf daarom die benadering om landbouers te verenig deur doelgerigte pogings om nie die negatiewe gevolge van verdeling wat in die verlede plaasgevind het, te herhaal nie.

Daarom onderneem Agri NW om die samewerkende en ondersteunende werksverhoudinge wat nie kompetend van aard is nie en wat reeds gevestig is met 'n verskeidenheid van ander organisasies wat dieselfde beginsels in wese onderskryf, te onderhou en uit te bou.

4. Die kongres bevestig die lewensnoodsaaklike belang om te fokus op die handhawing van Landelike Veiligheid in die lig van toenemende misdaad en oproepe van radikale groepe om grond te beset.

Vir hierdie doel ondersteun die kongres die verdere ontwikkeling van 'n doelmatige en effektiewe landelike veiligheid samewerkingsmodel, wat alle enersdenkende groepe insluit. Hierdie groepering tree gekoördineerd op, in samewerking met die SAPD, binne die formele Landelike Veiligheidsplan.

5. Die kongres erken die realiteit van grondhervorming en boer ontwikkeling as 'n gegewe en die produsente se belang daarby om deur Landbou ontwikkeling by te dra tot werkskepping en verbeterde lewensomstandighede vir begunstigdes ten einde stabiliteit en welvaartskepping in die betrokke gebiede te bewerkstellig.

Vir hierdie rede aanvaar Agri NW gekwalifiseerde deelname aan opkomende boerontwikkeling in 'n duidelik gedefinieerde werksverhouding met staatsdepartemente en die privaatsektor en ander instansies soos bv. Agbiz die banksektor, en bedryfsorganisasies.

Hierdie werksverhouding is geskoei op besigheidsbeginsels met toegekende verantwoordelikhede en voldoende insentiewe aan deelnemende produsente met aanvaarbare risiko's daaraan verbonde.